# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 18** **17 Mei 2026**


## Twee Jode en die Vraag oor die Messias

Justinus die Martelaar is in 100 vC in Palestina gebore en weens sy Griekse ouers raak hy bekend as filosoof en kom mettertyd tot geloof weens die woorde van 'n ou onbekende man op die strand van Efese. Hy is in die tweede eeu bekend vir sy apologetiese geskrifte.

Een van die merkwaardigste gesprekke uit die vroeë kerk is die dialoog tussen Justinus die Martelaar en Trypho, die Joodse gespreksgenoot in Dialoog. Dis nie bloot 'n debat nie; dis twee mense wat saam worstel met die Ou Testament en die vraag: *Wie is die Messias werklik*?

Trypho kon nie verstaan hoe die gekruisigde Jesus die beloofde Koning van Israel kon wees nie. Vir hom moes die Messias in heerlikheid kom, sy vyande verslaan en God se koninkryk oprig. Justinus antwoord egter dat die Skrifte van twee komste praat: eers die lydende Kneg van Jesaja 53, later die komende Koning van Daniël 7.

Dis merkwaardig hoe aktueel die gesprek vandag nog klink. Ons verkies ook dikwels 'n Christus van krag en oorwinning, maar sukkel met die nederige, lydende Christus wat sy lewe gee vir sondaars. Tog lê juis daarin die hart van die evangelie.

Vir Justinus is die wederkoms nie 'n losstaande leerstuk nie. Dit vloei uit die kruis en hemelvaart voort. Die Een wat gekom het in swakheid, het oorwin en opgevaar en kom weer in heerlikheid. Deur lyde tot heerlikheid!

Daarom leef die kerk tussen twee groot waarhede: *Christus hét gekom, en Christus sál weer kom.*

Die vroeë Christene het dit met een Aramese woord bely: Maranata — "*Ons Here kom*" of "*Kom, Here Jesus*!" Vir gelowiges is dit 'n woord van hoop, troos en verwagting.

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 11, Ps 62-1:1 **Volgende week**: Les 12, Ps 62-1:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 Mei | A05 | Drikus vd Walt | Pieter Wolmarans | Pierre Struwig | Gert Reinecke | Eric Guldemond | Hein Kaiser |
| 24 Mei | A06 | Gert Boshoff | Jan Erasmus | Pieter v/d Dussen (Jnr) | Charl vd Bergh | Hannie vd Bergh | Adrian VNiekerk |

## KOLLEKTES

| Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerklike tydskrifte** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

### *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17 Mei | Dilien | Keyter | B01 | 0721967101 |
| | Pierre | v Rensburg | C08 | 0748890921 |
| 18 Mei | Jaco | Pretorius | B17 | 0836915894 |
| | Louis | Trichardt | A17 | 0823886001 |
| | Cobus | v Niekerk | C06 | 0737498353 |
| 19 Mei | Engeli | Kok | C13 | 0828562614 |
| 20 Mei | Lenie | Buys | C12 | 0823734185 |
| | Hennie | vd Vyver | B08 | 0844240421 |
| | Madelle | Venter | B17 | 0728007454 |
| 21 Mei | Pat | Hammond | C07 | 0683674052 |
| | Petra | Terblanché | B02 | 0799388359 |
| | Leenster | van Wyk | B15 | 0766487423 |
| 22 Mei | Tonie | vd Bijl | C13 | 0848122660 |
| | Sanet | Venter | C13 | 0833021062 |

### *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18 Mei | Marcel | Wattel | A12 | 0720439489 |
| | Leandri | vd Walt | A05 | 0795174273 |
| 20 Mei | Dieter | Bye | C05 | 0798063325 |
| 22 Mei | CP | Swanepoel | A18 | 0824908184 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Sarel Pretorius sterk aan in Unitas hospitaal (C12 – 0842065083).
- Hermien Prinsloo sterk aan in Wilgers hospitaal na 'n nekoperasie (C13 – 0832855464).
- Carien Venter ondergaan eersdaags behandeling (A17 – 0663766630).
- Gerda Guldemond se gesondheid is nie na wens (A1 – 0823373326).
- Johan Kruger sukkel met sy gesondheid (C3 – 0824617405).
- Maureen Beumer sterk aan na 'n rugoperasie (C7 – 0822976446).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

- Paul en Isabel met die doop vanoggend van Paul du Randt.
- Dominique Scott met die doop vanoggend.
- Isabel du Randt, Dominique Scott, Arno Duvenage met die Aflegging van Belydenis van Geloof vanoggend.
- Verlowings:
  - Erna Olivier en JP le Riche.
  - Madeline Maree en Michiel van Rooy.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

**Te huur:** 2sk huis R7 800pm vanaf 1 Junie. 2 x mh, eie ingang, geen tuinonderhoud, geen huisdiere. Skakel Lies Jonker 072 841 8362.

Bybelse toer na

## Ethiopië

### Ontdek die land van Kus in die Bybel

Ethiopië is 'n land vol Bybelse geskiedenis, ou tradisies en pragtige natuurskoon.

- Sien Middeleeuse kastele in die hart van Afrika
- Kyk waar die Blou Nyl begin
- Slaap in die Danakil-woestyn naby die vulkaan Erta Ale
- Besoek die paleis van die koningin van Skeba en Axum — waar die verbondsark glo vandag bewaar word
- Kyk na die kerke in Lalibela wat uit rots uitgekap is

Voorlopige toer datum: <u>**November 2026**</u>

Kontak ds Maarten indien jy belangstel

072 143 1855

## Augustinus se belydenisse



Lig in Duisternis Uitgewers stel graag Die belydenisse van Augustinus, 'n Afrikaanse vertaling van die klassieke Latynse werk 'Confessiones' bekend.

Die vertaling is die werk van wyle prof Jan Scholtemeijer, eggenoot van Rina Scholtemeijer en vader van Gerda Guldemond, beide lidmate van ons gemeente. Die werk het die teks met groot noukeurigheid en respek vir beide die oorspronklike Latyn en die Afrikaanse taal benader. Die boek bevat 'n uitgebreide inleiding en verklarende aantekeninge wat die leser help om die historiese en teologiese agtergrond daarvan te verstaan.

Verkrygbaar by:

https://www.liginduisternis.co.za/product/die-belydenisse-van-augustinus/



## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.

## Geestelike Opbou

**24 Mei 2026**

**Na afloop van die aand-erediens**

Onderwerp: Unite 180

Ds. Gerben Meijer GK Die Kandelaar

## Manne in Christus

Alle manne, dit is pa's, oupas, broers, seuns, swaers, ooms en neefs word uitgenooi na die manne-oggend:

**30 Mei 2026**

om **06:00** tot 07:30

Kom gesels, deel en bid saam.

Sien julle daar!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**17 Mei**

Anneri de Jager B6, B15

Elke Nel B11

**24 Mei**

Rika Pretorius B9

Anita Snyman B10

## *Koningskinders-klerebank*

GK Centurion het 'n Koningskinders-klerebank. Enige gemeentelid met 'n behoefte is welkom om ons te nader.

Die uitreik is baie diskreet en gratis. Alle klere en skoene word deur die gemeentelede geskenk.

Daar is tans 'n behoefte aan die volgende kinderklere vir dogters en seuns 5 - 9 jr, vanaf 12 - 14 jr asook mansklere. Ons soek ook nuwe onder-klere vir seuns en 2-stuk onderklere vir dogters en nuwe kouse. (Ons gee nie gebruikte onderklere uit nie.)

Ons help sovêr moontlik alle ouderdomme van baba tot volwas-senes.

Skakel my gerus:

Helena du Plessis

079 751 1957



# Musiekvoorspel inligting

<u>Oggenddiens - Psalm 120</u>

Psalm 120 is die eerste van vyftien "Psalms van Opgang" (120–134) wat gesing word deur Israeliete wat na Jerusalem reis vir feeste. Dit is 'n individuele klaaglied deur 'n persoon wat ver van die huis af woon tussen vyandige, bedrieglike mense ("Mesech" en "Kedar"), wat uitroep om verlossing van laster en vrede begeer.

<u>Aanddiens - Psalm 20</u>

Psalm 20 is 'n koninklike psalm van Dawid, gekomponeer as 'n liturgiese gebed of seënbede vir die koning voor 'n groot geveg, moontlik teen die Siriërs. Dit bevat die mense wat bid vir die koning se veiligheid en sukses (vv. 1–5), die koning wat vertroue in God se verlossing uitspreek (vv. 6–8), en 'n laaste pleidooi vir oorwinning




## Jag-vir-jou-Kerk

Die jagseisoen is eersdaags oop!!

Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk.

Pa-seun, Pa-dogter jagters kan ook die projek ondersteun. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel Tjaart vd Walt – 082 824 2933

# Gemeente Kuierkamp

## 4-6 September 2026

### Wagondrift, Cullinan

Kom ontsnap vir 'n kort rukkie uit die daaglikse roetine en geniet 'n heerlike naweek saam as gemeente. **Die kamp is nie ver van die huis af nie** en bied die perfekte geleentheid om die pragtige natuur te beleef, te ontspan, saam as gemeente te kuier en nuwe vriendskappe te bou. Moenie hierdie besondere geleentheid misloop nie. Ons sien uit om die hele gesin te verwelkom!

**Daar is baie om te geniet:**

- Wildbesigtiging
- 'n Swembad om in af te koel
- Veilige, oop ruimtes waar kinders kan speel en fietsry

Indien jy belangstel om die Gemeente Kuierkamp by te woon voltooi die inskrywingsvorm en betaal 50% **deposito** teen **einde Mei** om jou plek te verseker. Kampgelde kan oor **3 maande** afbetaal word, die totale bedrag moet asb. teen **einde Augustus** betaal wees.

**Betaling van kampgelde:** Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion, ABSA Lyttelton, Takkode 632005, Rek nommer 600 280 589. Verwysing: **Kamp +jou naam en van**

**Vir meer inligting:** Rudy Kruger 082 468 6035 of e-pos: gkckamp@gmail.com
www.wagondrift.co.za





***Voltooi en gooi in die kollektesakkie of gee dit in by die kamptafel onder die Olyfboom of stuur 'n foto daarvan vir Rudy 082 468 6035 / gkckamp@gmail.com***

## Inskrywingsvorm

Ek/Ons stel belang om die kamp by te woon:

Naam: ____________________ Selfoon: __________

Ek wil graag die volgende akkommodasie vir ______ (aantal mense) bespreek.

Ek is bereid om akkommodasie te deel: Ja / Nee

☐ ~~2 bed chalet @ R2 200 vir die naweek, etes ingesluit~~ **Vol bespreek**

☐ ~~4 bed chalet @ R1 400 vir die naweek, etes ingesluit~~ **Vol bespreek**

☐ ~~2 bed luukse tent @ R1 800 vir die naweek, etes ingesluit~~ **Vol bespreek**

☐ ~~8 bed chalet @ R6 700 vir die naweek, etes ingesluit~~ **Vol bespreek**

☐ Kampstaanplek @ R1 200 per tent, woonwa of boswa, vir die naweek, etes ingesluit

☐ Ek wil graag die kamp bywoon maar het finansiële hulp nodig asb:

Naam: ____________________ Selfoon: __________

*Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom en Aan Hom*

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

# Volg jou Koning in sy oorwinning

**Skriflesing**:
Psalm 24
1 Korintiërs 2
(1983)

**Teksvers**:
Ps 24:4; 1 Kor 2:14

**Sing:**
Lied 421:1,2,3
Ps 25:2
Ps 128:4
Ps 24:1-3
Ps 24:4,5
Sb 4-6
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Paulus vergelyk ons lewe met die optog van 'n Romeinse generaal wat van sy veldslae af terugkom in Rome: *Sy oorwinningsviering of segetog.*

Kyk gerus op internet na die *'Arch of Titus in Rome'* om te sien hoe lyk die triomfboog van Titus, nadat hy in die eerste eeu feitlik al die volke en opstande in Midde-Ooste onderdruk en oorwin het.

Is ons lewe as gedoopte gelowiges een van oorwinnaars en selfs méér as oorwinnaars?

## S O N D A G A A N D 18:00

# So is geskryf: *julle is getuies*

**Skriflesing:**
Lukas 24:33-53
(2020)

**Teksvers:**
Lukas 24: 46-47

**HK:** Sondag 11

**Sing:**
Ps 149:1,2
Ps 72:1,10,11
Ps 145:1,5,10,12
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Ons belydenis kom by die werk van die tweede Persoon, die Seun. Maar die belydenis vra nie wat beteken sy Naam nie, maar eerder hoekom beteken sy Naam Jesus, wat Redder is.

Hierby gaan ons stilstaan by die laaste woorde van ons Here en sy getuienis oor die Skrifte, met die belofte van die Vader wat uit die hemel gegee sal word. Jesus, die Christus is die Verlosser, daarvan is die dissipels self getuies.

Deur die Heilige Gees, word ek en jy ook getuies.